**Wat is die Wapenrusting?**
God se wapenrusting bring oorwinning omdat dit veel meer as blote beskermende drag behels. Die wapenrusting is die lewe van Jesus Christus Self!
*"...trek die wapenrusting aan wat pas by 'n lewe in die lig...nee, soos 'n mens jou klere aantrek, moet julle die Here Jesus Christus 'aantrek', en nie 'n duim toegee aan die begeertes van julle sondige natuur nie."* Rom 13:12-14.
Wanneer jy dit doen, word Hy jou skadu en jou beskutting tydens stormagtige tye. In Joh 15:5 lees ons die volgende: *"Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly, en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."*
Om in die veiligheid van Sy wapenrusting te leef, beteken eenheid met Jesus en ons kan dus verwag dat ons in Sy stryd en vrede deel sal hê. God bied aan ons Sy oorwinning te midde van probleme – nie die afwesigheid van pyn nie.
Toegewyde Christene wat marteling weens hulle geloof in die gesig staar, getuig van voortdurende krag – selfs vreugde – wat hulle in staat stel om die mees ondenkbare pyn te verduur. Hulle stem saam met Paulus as hy verklaar: *"In alles is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het..."*
Rom 8:37.

**Hoe trek ek die wapenrusting aan?**
Die lewe in Christus begin deur elke deel van die wapenrusting te ken en te vertrou. Die heel eerste deel is WAARHEID – God se openbaring van alles wat Hy vir ons gedoen het en ook alles wat Hy belowe om in die toekoms vir ons te doen. Hierdie wonderlike, ewigdurende WAARHEID is in Sy Woord opgeteken, openbaar deur die Heilige Gees en werklikheid gemaak deur Jesus Christus – Seun van die Allerhoogste God. Deur die Woord te bestudeer, word ons in staat gestel om die wêreld vanuit God se perspektief te beskou. Hy IS die Waarheid! Deur die eerste deel van die wapenrusting aan te trek, beteken dat jy daagliks gevoed word deur die Waarheid van Sy Woord.
Om die volle wapenrusting te kan aantrek – en 'n daaglikse liefdesverhouding met Jesus Christus te geniet – moet jy Hom dankie sê vir wat Hy vir jou gedoen het en dat Hy jou Sy Woord gegee het. Ken die Woord wat jou gebed bevestig sodat jou geloof en woorde op die gesag van die Bybel geskoei is.
Gebruik hierdie gebed as 'n riglyn:

**Die gordel van waarheid**
Dankie Here dat U my die Waarheid oor Uself, U planne en U weë geopenbaar het. Dankie dat U my herinner het dat U die enigste God, Skepper van die Hemel en die aarde, Koning van die heelal, my Vader wat my liefhet, is. U is my Wysheid, Raadgewer, my Hoop en my Krag. U is alles wat ek elke dag nodig het!

**Die borswering van geregtigheid**
Dankie dat U my die waarheid oor myself – dat ek in eie krag nie goed genoeg is om in U teenwoordigheid te kom nie – gewys het. Dankie dat U my sonde aan die Kruis gedra het en dat U my 'n perfekte, regverdige lewe in Jesus aanbied. Wys my asseblief die sonde wat in my lewe is sodat niks my kan verhinder om deur U Gees gevul te wees nie.

**Die skoene van vrede**
Dankie vir die vrede wat U my gee indien ek U vertrou en navolg – en alles wat U my in U Woord belowe. Wys my hoe ek ander kan help om U vrede te vind.

**Die skild van die geloof**
Dankie dat U my help om geloof in U te hê. Ek kies om alles wat U my omtrent Uself gewys het, te glo – en ook alles wat in U Woord opgeskryf staan.

**Die helm van verlossing**
Dankie dat U my verlossing van stryd beloof – sowel vandag as tot in alle Ewigheid.

**Die swaard van die gees – die Woord van God**
Dankie vir die Skrif wat U my gee om te leer en te onthou. Wys my asseblief watter U wil hê ek moet gebruik om die verleiding te onderskei en in U oorwinning te leef.

Bron: Juig!

http://www.juig.co.za/article.php?id=236

Prentjie van 'n Romeinse soldaat met sy wapenrusting aan




Prentjie van Dawid en Goliat

